40 Minute
BYBELSTUDIES

6-Weke Studieprogram

# KEUSES SONDER BEROU

PRECEPT MINISTRIES SUID-AFRIKA

Kay Arthur
David & BJ Lawson

Keuses sonder berou
Gepubliseer deur Precept Ministries Suid-Afrika
Posbus 539, Howard Place, 7450
met toestemming van Waterbrook Press
2375 Telstar Drive, Suite 160
Colorado Springs, Colorado 80920, USA.
*A division of Random House, Inc.*

© Aanhalings uit 1953-Afrikaanse vertaling van die Bybel met verlof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

ISBN 978-1-934884-07-2

Kopiereg © 2007 Precept Ministries (SA)

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie publikasie mag gereproduseer of oorgedra word in enige vorm of op enige manier, elektronies of meganies, sonder die skriftelike verlof van die kopiereghouers nie. Dié beperking sluit in foto-afdrukke, opnames of enige ander stelsel van berging en opsporing van inligting.

Gedruk deur Tandym Print, Kaapstad.
Desember 2007

# HOE OM HIERDIE STUDIE TE GEBRUIK

Hierdie kleingroepstudie is vir mense wat belangstel om self meer te leer wat die Bybel sê oor verskeie onderwerpe, maar wat net beperkte tyd vir saamkom het. Dit is byvoorbeeld ideaal vir 'n middagetegroep by die werk; vir 'n vroegoggendmannegroep; vir 'n jongmoedergroep in 'n huis; vir 'n Sondagskoolklas of selfs vir huisgodsdiens. (Dit is ook ideaal vir kleingroepe wat gewoonlik meer tyd vir byeenkom het – soos aandgroepe of Saterdagoggendgroepe – en wat net 'n deel van hul tyd saam wil bestee aan werklike studie, terwyl die orige tyd vir gebed, gemeenskap of ander aktiwiteite gehou word.)

Hierdie boek is so beplan dat al die groeplede elke les se studietake *gelyktydig én saam* kan voltooi. Die bespreking van die insigte wat jy verkry het oor wat God sê omtrent die onderwerp, openbaar opwindende, treffende lewenswaarhede.

Alhoewel dit 'n groepstudie is, benodig jy 'n leier om die studie te lei en die bespreking aan die gang te hou. (So 'n persoon se taak is *nie* dié van 'n lektor of 'n onderwyser nie. Maar as hierdie boek in 'n Sondagskoolklas of in 'n soortgelyke omgewing gebruik word, moet die onderwyser vry voel om meer direk leiding te gee en ander insigte by te voeg bý die wat in die les van elke week voorsien word.)

As *jy* jul groep se leier is, kan die volgende nuttige wenke jou taak vergemaklik:

- Gaan deur die les en merk die teks voordat jy die groep lei. Dit maak jou toenemend vertroud met die materiaal en stel jou in staat om die groep met groter gemak te lei. Kies as leier 'n spesifieke kleur vir elke simbool, sodat dit vir jou makliker kan wees met die lei van die groep tydens die instruksies vir die merkery.

- Begin as leier van die groep by die begin van die teks en lees dit eenvoudig hardop volgens die orde in die les insluitende die "insigraampies" wat deurgaans verskyn. Werk saam deur die les terwyl julle waarneem en bespreek wat julle daaruit leer. Soos jy die Skrifverse lees, laat die groep die woord wat hulle moet merk, hardop sê.
- Die besprekingsvrae is maar net daar om jou die materiaal te help hanteer. Baie keer sal jy vind dat, sodra die klas oorgaan tot die bespreking, hulle self die vrae sal stel. Onthou die besprekingsvrae is daar om die groep by die onderwerp te hou; nie om die bespreking te onderdruk nie.
- Onthou dit is belangrik dat mense hul antwoorde en ontdekkings verwoord. Dit versterk grootliks hul persoonlike begrip van die les van elke week. Maak seker dat elkeen baie geleenthede het om aan die besprekings van die week deel te neem.
- Hou die besprekings aan die gang. Dit mag beteken dat meer tyd aan sommige dele van die studie bestee word as aan ander. As dit nodig is, moet jy vry voel om 'n les oor meer as een byeenkoms te laat strek. Maar onthou: moenie die pas té stadig maak nie. Dis baie beter om elkeen na meer te laat smag as om mense te hê wat uitsak weens 'n afname in belangstelling.
- As die geldigheid of korrektheid van sekere antwoorde betwyfel word, kan jy vriendelik en opgewek die groep herinner om gefokus te bly op die waarheid van die Skrif. Jou doel is om te leer wat die Skrif sê en nie verwikkeld te raak in wat die mens sê nie. Hou eenvoudig vas aan die Skrif en gee God die kans om te spreek. Sý woord ís die waarheid (Joh. 17:17)!

# KEUSES SONDER BEROU

"Ek haat jou! Hoe kan jy daar staan en sê jy't my lief! Jy bel of besoek my nie, behalwe as jy en jou 'vriendin' nie ander planne het of as ek jou moet smeek om na my te kom nie! Moenie vir my sê jy't my lief nie!"

Terwyl sy tienerdogter skreeu, pyn sy hart. Uiteindelik loop hy maar en wonder: *Hoe het ek hier gekom – geskei en my dogter wat my haat? Al wat ek wou gehad het, was om 'n wonderlike man en vader te wees.*

Dalk wonder jy ook hoe jy daar gekom het waar jy nou is; of jou lewe beter sou gewees het as jy anders in jou lewe sou besluit het. Miskien is jou huidige omstandighede wonderlik, maar jy staar 'n paar moeilike keuses in die gesig.

Dag vir dag staan ons voor keuses waarvan baie onskadelik is sonder enige blywende gevolge. Ander

het weer die vermoë om die rigting van ons lewens te verander – hetsy goed of sleg. Sekere beskikbare geleenthede is besaai met bedrieglike slaggate of lei ons in skadelike rigtings en in sommige gevalle kan die verkeerde keuse selfs die dood tot gevolg hê. Waarheen gaan jy vir leiding?

Hierdie induktiewe Bybelstudie gee vir jou riglyne om hierdie moeilike keuses te maak. Met induktief bedoel ons jy gaan reguit na die bron – die Bybel – om vas te stel wat God sê. Die kennis wat jy sélf opdoen van sy Woord, rus jou toe om keuses te maak wat Hóm vereer en vir jóú vrede bring.

## WEEK EEN

Dawid was die groot en beroemde tweede koning van Israel. Sy gehoorsaamheid het tot gevolg gehad ’n ongekende seënvloed – nie net vir sy huis nie, maar ook vir die hele Israel. Dawid, ’n getroude man met ’n hele aantal vroue wat vir hom baie kinders gebaar het, het baie stof tot dankbaarheid gehad, maar saam met sy sukses het ook nuwe geleenthede en beslissings gekom. Kom ons kyk na Dawid en die keuses wat hy gemaak het.

### WAARNEMING

***Leier:*** *Lees hardop 2 Samuel 11:1-5.*

- *Laat die groep elke verwysing na* ***Dawid*** *hardop sê en onderstreep, insluitende die voornaamwoorde.*

**INSIG**

Dit was algemeen die gebruik vir konings om in die lente (OAV – “verloop van die jaar”) oorlog te maak. Die lente het die einde van die reënseisoen aangedui. Die paaie was begaanbaar; voer was vir die diere beskikbaar en 'n bewegende leër kon lande vir kos plunder.

### BESPREKING

- Wat het jy uit die merk van Dawid in vers 1 geleer?

**2 SAMUEL 11:1-5**

1 EN ná verloop van
die jaar, teen die tyd
dat die konings uit-
trek, stuur Dawid Joab
en sy dienaars saam
met hom uit en die
hele Israel. En hulle
het die land van die
kinders van Ammon
verniel en Rabba
beleër, terwyl Dawid
in Jerusalem gebly het.

2 En teen die aand,
toe Dawid van sy bed
opgestaan het en op
die dak van die paleis
wandel, sien hy van
die dak af ’n vrou wat

besig was om 'n bad te neem; en die vrou was baie mooi van aansien.

3 En Dawid het ondersoek laat doen na die vrou, en hulle het gesê: Is dit nie Bátseba, die dogter van Elíam, die vrou van Uría die Hetiet nie?

4 Daarop stuur Dawid boodskappers en laat haar haal. En toe sy by hom inkom, het hy met haar gemeenskap gehad, terwyl sy haar juis van haar onreinheid gereinig het. Daarna het sy na haar huis teruggegaan.

5 En die vrou het swanger geword en gestuur om Dawid te laat weet: Ek is swanger.

- Wat het met Dawid gebeur toe hy tuis gebly en nie oorlog gaan maak het soos dit gebruiklik vir konings was nie?

**INSIG**

Die vrou wat Dawid gesien het, was "baie mooi van aansien." Die Hebreeuse uitdrukking wat hier gebruik word, word spesifiek gebruik vir persone met 'n treffende fisiese voorkoms.

- Watter gebeure lei tot Bátseba se swangerskap?

- Watter keuses kon Dawid gemaak het om die afloop van hierdie storie te verander?

## WAARNEMING

Het Dawid enige inligting gehad wat hom kon help om die regte keuse te maak? Elke koning wat, volgens Deuteronomium 17:18-20, begin regeer het, was veronderstel om sy eie afskrif van die Wet te maak. Dit is die eerste vyf boeke van die Bybel nl. Genesis tot Deuteronomium. Dit beteken dat Dawid Exodus 20:1-17 oorgeskryf het. Dit bevat die Tien Gebooie.

***Leier:** Kom ons lees hierdie gebooie.*

- *Nommer elke gebod soos jy dit lees. Die eerste gebod vind jy in vers 3.*
- *Wanneer jy by 'n gebod kom wat oor seksuele gedrag gaan, nommer en merk dit met 'n regmerkie daarlangs: ✓*

## BESPREKING

- Het Dawid enige van hierdie gebooie verbreek toe hy met Bátseba gemeenskap gehad het? Indien wel, watter gebooie?

### EXODUS 20: 1-17

1 TOE het God al
hierdie woorde
gespreek en gesê:

2 Ek is die HERE
jou God wat jou uit
Egipteland, uit die
slawehuis, uitgelei het.

3 Jy mag geen ander
gode voor my aangesig
hê nie.

4 Jy mag vir jou geen
gesnede beeld of enige
gelykenis maak van
wat bo in die hemel is,
of van wat onder op
die aarde is, of van wat
in die waters onder die
aarde is nie.

5 Jy mag jou voor
hulle nie neerbuig en
hulle nie dien nie;
want Ek, die HERE
jou God, is 'n jaloerse
God wat die misdaad
van die vaders besoek

aan die kinders, aan
die derde en aan die
vierde geslag van die
wat My haat;

6 en Ek bewys
barmhartigheid aan
duisende van die wat
My liefhet en my
gebooie onderhou.

7 Jy mag die Naam
van die HERE jou
God nie ydellik
gebruik nie, want die
HERE sal die een wat
sy Naam ydellik
gebruik, nie ongestraf
laat bly nie.

8 Gedenk die sabbat-
dag, dat jy dit heilig.

9 Ses dae moet jy
arbei en al jou werk
doen;

10 maar die sewende
dag is die sabbat van
die HERE jou God;

- Gaan terug na wat jy van Dawid in die gedeelte van 2 Samuel gemerk het. Is Dawid op een of ander manier bewus gemaak dat hy een of meer gebooie sou verbreek indien hy gemeenskap met Bátseba sou hê?

- Toe Dawid besluit het om gemeenskap met Bátseba te hê, wat was die grond van sy keuse?

- Sien jy enige ooreenkomste tussen wat met Dawid en Bátseba gebeur het en die keuses wat baie vandag maak? Verduidelik jou antwoord.

- Wanneer baie mense 'n morele beslissing teenkom, watter pad kies hulle en op grond waarvan?

dan mag jy géén werk doen nie – jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie.

11 Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig.

12 Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee.

13 Jy mag nie doodslaan nie.

14 Jy mag nie egbreek
nie.

15 Jy mag nie steel nie.

16 Jy mag geen valse
getuienis teen jou
naaste spreek nie.

17 Jy mag nie jou
naaste se huis begeer
nie; jy mag nie jou
naaste se vrou begeer
nie, of sy dienskneg of
sy diensmaagd, of sy
os of sy esel of iets wat
van jou naaste is nie.

## WAARNEMING

Kom ons gaan voort met die storie van Dawid en Bátseba.

## 2 Samuel 11:6-13

6 En Dawid het
Joab laat weet: Stuur
Uría, die Hetiet, na
my. Joab het Uría na
Dawid gestuur.

***Leier:*** *Lees hardop 2 Samuel 11:6-13.*

- *Laat die groep elke verwysing na* ***Dawid*** *hardop sê en onderstreep.*

**INSIG**

Dawid en sy manskappe het hulle, volgens 1 Samuel 21:4-5, van vroue onthou wanneer hulle ook al vir oorlog uitgetrek het.

## BESPREKING

- Wat dink jy wou Dawid probeer bereik in vers 6-8 en waarom?

- Het sy plan gewerk? Waarom of waarom nie?

- Het Uria te staan gekom voor enige keuses in hierdie omstandighede? Wat was dit?

- Wat sê Uria se optrede vir jou van sy karakter?

7 Toe Uría dan by
hom kom, vra Dawid
of dit goed gaan met
Joab, en of dit goed
gaan met die man-
skappe, en of dit goed
gaan met die oorlog.

8 En Dawid sê vir
Uría: Gaan af na jou
huis en was jou voete.
En toe Uría uit die
paleis uitgaan, het 'n
geskenk van die
koning hom gevolg.

9 Maar Uría het
gaan slaap by die
ingang van die paleis,
by al die dienaars van
sy heer, en nie na sy
huis afgegaan nie.

10 En daar is aan
Dawid meegedeel en
gesê: Uría het nie na sy
huis afgegaan nie. Toe
vra Dawid Uría: Kom
jy nie van 'n reis af
nie? Waarom gaan jy
nie af na jou huis nie?

11 En Uría sê vir
Dawid: Die ark en
Israel en Juda bly in
hutte, en my heer Joab
en die dienaars van my
heer is gelaer in die
oop veld; sou ek dan
in my huis ingaan om
te eet en te drink en
by my vrou te slaap?
So waar as u leef en u
siel leef, ek sal dit nie
doen nie!

12 En Dawid sê vir
Uría: Bly vandag ook
hier; dan sal ek jou
môre laat gaan. En
Uría het dié dag in
Jerusalem gebly.

13 Maar die volgende
dag het Dawid hom
genooi, en hy het voor
sy aangesig geëet en
gedrink, en hy het
hom dronk gemaak.
Toe gaan hy in die

- Hoe dink jy het Dawid in hierdie situasie gevoel en waarom?

- Wat het Dawid gekies om te doen toe Uria nie huis toe wou gaan nie? Waarom?

- Het jy al ooit gesien of gehoor van 'n plan soos dié van Dawid in vers 13? Beskryf wat gebeur het.

## WAARNEMING

***Leier:*** *Lees hardop 2 Samuel 11:14-17.*
*Laat die groep die volgende doen:*

- *Onderstreep elke verwysing na* ***Dawid****.*
- *Omraam elke verwysing na* ***Uria:*** ☐

## BESPREKING

- Wat was Dawid se volgende strategie met Uria?
- Wie sleep hy by sy plan in?
- Waarom doen Dawid al hierdie moeite?
- Wat was die eindresultaat van hierdie strategiese plan en hoe voldoen dit aan die Tien Gebooie? Wat het Dawid eintlik gedoen?

aand uit om op sy slaapplek by die dienaars van sy heer te gaan slaap; maar na sy huis het hy nie afgegaan nie.

### 2 Samuel 11:14-17

14 En in die môre skrywe Dawid 'n brief aan Joab en stuur dit met Uría weg.

15 En hy het in die brief geskrywe en gesê: Sit Uría op die voorpunt van die hewigste geveg; trek julle dan agter hom terug, dat hy in die slag kan sneuwel.

16 So het Joab dan, terwyl hy die stad verken, Uría op ’n plek gesit waarvan hy geweet het dat daar dapper manne was.

17 En toe die manne van die stad uittrek en met Joab veg, het daar van die manskappe, van die dienaars van Dawid, geval, en Uría, die Hetiet, het ook gesterwe.

### 2 Samuel 11:26-27

26 Toe die vrou van Uría hoor dat haar man Uría dood was, het sy gerouklaag oor haar heer.

27 Nadat die routyd verby was, het Dawid gestuur en haar in sy huis opgeneem; en sy het sy vrou geword en vir hom 'n seun gebaar. Maar die ding wat Dawid gedoen het, was verkeerd in die oë van die HERE.

## WAARNEMING

***Leier:*** *Lees hardop 2 Samuel 11:26-27. Laat die groep die volgende doen:*

- *Onderstreep die verwysings na* ***Dawid.***
- *Omkring elke verwysing na* ***Bátseba.***

## BESPREKING

- Wat het jy geleer uit die merk van die verwysings na Bátseba?
- Wat het God gedink van alles wat Dawid gedoen het?
- Bespreek een vir een wat Dawid in die oë van die HERE verkeerd gedoen het.
- Gaan weer die keuses na wat Dawid by elke kritieke tydstip gemaak het. Begin waar hy as koning nie oorlog toe gegaan het nie tot die laaste gelese Skrifdeel. Terwyl julle dit bespreek, gesels oor die keuses wat hy gemaak het.
- Wat het jy geleer uit die gebeure in hierdie hoofstuk wat jy kan toepas op jou eie lewe vandag?

## SAMEVATTING

God verwys na Dawid as "'n man na sy hart" (1 Samuel 13:14; Handelinge 13:22). Hierdie beskrywing word weerspieël in Dawid se vroeër keuses om God se gebooie en verordeninge te gehoorsaam. Dit was keuses wat uitgeloop het op seëninge vir hom én vir die hele volk van Israel. Maar ons sien ook in sy lewe 'n reeks keuses wat hy gemaak het teen God se gebooie – gebooie waarmee hy goed vertroud was.

Dawid kon op enige tydstip gekies het om Godswoord te gehoorsaam, maar in plaas daarvan kies hy om 'n koers in te slaan wat hom al verder in gevaar stel. 'n Oënskynlike onbelangrike keuse om tuis te bly en nie oorlog toe te gaan nie, lei tot die begeer van 'n buurvrou wat weer lei tot owerspel en moord. Dawid se optrede was verkeerd in die oë van die HERE.

Wat van jou? Staan jy bekend as 'n man of vrou na die hart van God of het jy dinge gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here? Maak jy keuses op grond van die Woord van God of is dit op grond van jou eie begeertes? As jy volgens jou begeertes kies, onthou: Jy kan kies om die Woord van God te eniger tyd te gehoorsaam en af te draai van die weg wat tot vernietiging lei.